waarheid & dwaling

RUGSTEUN VIR DIE AMP VAN GELOWIGE JAARGANG 7, NO 4 APRIL 2001

*1 Joh 4:6*
"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

INHOUD


1 **Redaksioneel**
*Christus is opgewek uit die dode*
1 **Skrifoordenking**
*Christus, die sin van ons lewe*
Dr AH Bogaards
2 **Op die Kerkerf**
*As die fondamente omgegooi word, wat kan die regverdige doen?*
Ds HLJ Momberg
4 **Aktueel**
*Het gesag grense?*
Dr JG Meijer
8 **Onderwys**
*Intergeloof in die onderwys*
G Opperman
10 **Mediese etiek**
*Die naam van die HERE in mediese praktyk*
Dr JM Boon
11 **Rekenaar en Internet**
*'n Vaste burg is onse God*
Dr AH Bogaards
11 **Persskou**
• *Waarom nog kerk?*
Ds GJ Meijer
12 **Gebed van Calvyn**


**REDAKSIONEEL**

# CHRISTUS IS OPGEWEK UIT DIE DODE

Die kerk vier hierdie maand Paasfees. Die fees van 'n heerlike heilsfeit, ons Here Jesus Christus se opstanding.

Ons vier fees in 'n wêreld wat die ongetwyfelde christelike geloof al hoe sterker betwyfel en vervolgens verloën. 'Geleerdes' praat saam in Jesus-seminare en stel vrae: Is Hy wel ontvang van die Heilige Gees? Het Hy werklik opgestaan? Hulle doen hulle heel 'geleerd' en modern voor. Intussen is hulle twyfelvrae en onderliggende ongeloof so outyds as die Jode s'n, wat ons Messias verwerp het.

Ook in die vroeg-christelike kerk het sommige mense beweer dat daar geen opstanding van die dode is nie. Ons word oor dié dwaling en die Here se weerlegging daarvan uitvoerig voorgelig in die eerste brief aan die Korintiërs. Gods volk word in die vyftiende hoofstuk van hierdie brief opgeroep om die dwaling af te wys en blymoedig Paasfees te bly vier. Christus *is* opgewek uit die dode.

Wat bring Christus se opstanding teweeg?

- Hy, wat vryspraak van sondes vir sy volk verwerf het, kom uit die graf om dié weldaad uit te deel.
- Die lewende Paasvors wek ons deur sy krag tot 'n nuwe lewe op.
- Sy opstanding is die terugkeer van die eersteling uit die dood. Daarop volg die oes. Sy opstanding is 'n betroubare waarborg van *ons* salige opstanding.

Dit wil sê: Sonder opstanding van Christus ontvang ons geen vryspraak van ons sondes nie. Sonder sy opstanding kan ons nie 'n nuwe lewe verkry nie. Sonder sy opstanding is 'n salige opstanding onmoontlik. Geen troos by die graf nie. Sonder opstanding van Christus bly alle mense in die ewige dood.

Laat dwase 'geleerdes' maar praat. Die kerk vier fees, die fees van vryspraak, die fees van lewevernuwing, die fees van die vooruitsig na die Nuwe Jerusalem, die fees van die Heiland wat uit die dode opgewek is en nou aan die Vader se regterhand sit.

Die ware kerk wat fees vier, laat die heerlike heilsfeit van Pase nie in sy midde betwyfel en verloën nie. Hulle wat in die opgestane Heiland glo, laat nie toe dat die feesvreugde in die kerk gedemp word nie. Die kerk bedien die christelike tug, die tug van Hom wat lewe, aan almal in sy midde wat die heilsfeite betwyfel en ontken. Hy weer alle Paas-kettery deur die krag van Christus wat sy duur gekoopte volk 'standvastig, onbeweeglik, altyd oorvloedig in die werk van die Here' laat bly (1 Korintiërs 15:58).

**SKRIFOORDENKING**

# CHRISTUS, DIE SIN VAN ONS LEWE

**Dr AH Bogaards**, Daniëlskuil

*Filippense 1:21a*:
**'Want vir my is die lewe Christus.'**

Wat is die sin van *u* lewe? Dink u nog na oor die vraag: Waarvoor leef ek eintlik?
Mense soek die sin van hulle lewens in verskillende rigtings. *Sommiges* soek dit in hulle werk: Hulle voel as hulle nog kan werk, het hulle lewe sin. Dan beteken hulle immers nog iets. *Ander* soek dit in die vervulling van 'n ideaal, in die bereik van die hoë pos waarna hulle lewenslank gestreef het. *Ander weer* vind die sin van hulle lewe in 'n lewensmaat, in hulle gesin, in 'n geliefde. Dit gee hulle lewe sin en betekenis om vir dié mense te werk. *Nog mense* vind dit in hulle ontspanning: in 'n stokperdjie of in 'n sport wat hulle graag beoefen.

U sal sekerlik met my saamstem: Dit wat ons lewe sin gee, gee ons ook blydskap. Watter mens wil nie bly en gelukkig wees nie? Daarom soek ons na dit wat ons lewensvreugde verskaf. Die een soek dit hier, die ander soek dit daar.

Maar nou 'n ernstige vraag: Wat gebeur as u dit wat aan u lewe sin verskaf, verloor? Ek bedoel maar: as u lewensmaat wegval of as u u werk verloor of as u nie die pos kry waarna u u lewe lank uitgesien het nie. Of gestel u verloor u gesondheid en u kan nie meer doen wat u wil

nie, het u lewe dan nog sin? Of verloor die lewe dan sy betekenis, sy glans en sy vreugde vir u?

Ek dink die apostel Paulus het in so 'n situasie gekom. Hy het sy vryheid verloor. Sy lewe lank het hy kruis en dwars oor die Romeinse ryk getrek en die evangelie verkondig. Daar was niks wat vir hom heerliker was as dit nie. Niks het hom blyer as dit gemaak nie. Maar nou het God 'n punt daaragter gesit, want die apostel is in die tronk gesit. Skynbaar het hy dus alles verloor.

Wat is dan Paulus se reaksie? Gooi hy dan sy hande moedeloos in die lug op? Roep hy dit uit: Waarvoor leef ek eintlik? Watter sin het my bestaan nog? Nee, dit doen hy nie. Inteendeel, hy bely: '...vir my is die lewe Christus'. Dink u dit in: Dit skryf die apostel terwyl hy in die gevangenis is. Tog juig hy: Ook nou is my lewe nog uitermate sinvol. *Want* vir my is die lewe Christus. Want ook hier kan ek leef vir Hom, ook hier kan ek getuig van Hom, ook hier kan ek werk vir Hom, ook hier kan ek ander na Hom toe trek. Ja, hier kan ek die wagte wat my bewaak, vertel van Hom wat die weg en die waarheid en die lewe is.

'n Predikant het eenmaal by 'n ou vroutjie gekom. Sy was bedlêend. Sy kon niks meer doen nie. Sy kon selfs nie meer kerk toe gaan nie. Maar weet u wat was haar antwoord aan die predikant? Dominee, ek kan nog *baie* doen. Ek kan nog bid: bid vir my kinders, bid vir die gemeente, bid vir die wêreld. *Vir haar was die lewe Christus!* Christus het aan haar lewe sin gegee. Want sy kon nog hande vou. Sy kon bid vir die uitbreiding van sy koninkryk.

*'n Besinning oor die sin van die lewe*, so kan ons hierdie teks van ons noem. Paulus besin sekerlik nie net oor die sin van sy lewe daar in die tronk nie, maar hy laat sy blik gaan oor sy hele lewe en dan kom hy tot die gevolgtrekking: *Vir my is die lewe Christus*! Maar ons moet nog meer sê. Paulus skryf hierdie brief onder inspirasie van die Heilige Gees. Daarom is dit God self wat ons hier wys op die sin, op die hoogste doel van ons lewe: dit is Christus!

Om te weet wat Paulus met hierdie sin bedoel, moet ons na die volgende vers (22) gaan kyk. Daar wei die apostel verder uit oor die lewe en met name oor die betekenis van die lewe: Lewe beteken vir hom 'vrugbare arbeid' ter wille van die Filippense. Lewe beteken vir hom aktiwiteit. Dit beteken vir hom geleentheid om die heerlikheid en die eer van Christus te verkondig, dat Christus gepreek kan word. Dit is waarom hy in hierdie lewe wil bly: Hy wil so graag aan ander die blye boodskap van Christus verkondig.

Is dit ook vir u die sin van die lewe? Om ander van Christus te vertel?

*Paulus het Christus gesien* op weg na Damaskus. Daar het hy Hom liefgekry met sy hele hart. Van daardie dag af het alle ander dinge vir die apostel op die agtergrond geskuif. Toe was daar maar Een wat vir hom belangrik was: Christus, die Seun van God, sy Saligmaker, sy Koning en sy God.

Maar nie net Paulus het Christus gesien nie. *U sien Hom ook*. Ons sien Hom in die Bybel, in die Evangelie! Ons sien Hom met die oog van die geloof. Daar, in die Woord, word Hy aan ons vertoon. Daar sien ons Hom in sy ontsaglike groot liefde vir ons: ' ...die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my gegee het' (Galasiërs 2:20). Daar sien ons sy kruis: die hoogste bewys van sy liefde. Hoe moet die wonder van die kruis ons nie dring tot wederliefde nie. Dit moet ons hart aan die brand steek van liefde vir ons Heiland en ons Saligmaker.

As ons eers onder die indruk gekom het van sy liefde, sal ons - net soos Paulus - nie anders kan as om te sê: Vir my is die lewe Christus, nie! Nou wil ek niks liewer doen as om vir Hom te leef en te werk en om ander van Hom te vertel nie.

Vroeër, voor sy bekering, het die apostel hom toegelê op wetsonderhouding. Hy het alles op alles gesit om deur sy goeie werke in die regte verhouding tot God te kom. Dit het hy as wins beskou, maar toe hy Christus leer ken het en die krag van sy opstanding, het hy daardie dinge nie as wins nie, maar as skade begin ag en prysgegee om Christus en sy volmaakte soenverdienste as wins te verkry.

OP DIE KERKERF

# As die fondamente omgegooi word, wat kan die regverdige doen?

Ds HLJ Momberg, Pretoria

**Die denke van die Dekonstruksiebeweging dring aan op die absolute onmoontlikheid dat enige teks één onveranderlike betekenis het. Objektiewe waarheid moet dus vervang word met hermeneutiese waarheid.**

## Verbondstrou teenoor verbondsbreuk

Die soekvraag van die Psalmdigter in Psalm 11:3 is: As die fondamente omgegooi word, wat kan die regverdige doen? Die regverdige is iemand wie se lewe op betroubare fondamente rus. Volgens die gebruik van hierdie term in die Psalmbundel is hy die persoon wat sy heil in God se genade gevind het en ook daarbinne lewe. Begenadigde sondaar. Dit is die persoon *'wat*

Mondstuk van die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel

*Redaksie:*
Ds ALA Buys
A Juyn
Ds GJ Meijer
Dr JG Meijer
Ds SJMS Smit

*Eindredaksie:*
Dr JG Meijer
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 329-1465
E-pos:
jgmeijer@cybertrade.co.za

*Medewerkers:*
Dr AH Bogaards
Dr JM Boon
Prof JC Coetzee
Prof GJC Jordaan
Dr AH van den Bout

*Administrasie-adres:*
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 335-9134
(Mev Hanneke Das)

*Intekengeld:*
R 80 per jaar

*Taalkundige versorging:*
Mev Rita Botha

*Tegniese versorging:*
Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031
E-pos: printbur@mweb.co.za

*behae het in die wet van die HERE, en hy oordink sy wet dag en nag'.*

Die wet is die verbondsboek waarin die HERE aan sy kinders uitlê hoe sy salige verhouding met hulle werk. Dit is die fondament van hulle bestaan. Hulle mag die heilsfeit hoor dat Hy hulle verlos het en tot sy kinders en erfgename aangeneem het. Hulle moet ook hoor dat hulle Hom in totale oorgawe moet dien. Hulle mag getroos wees dat hulle sy seëninge op alle denkbare terreine van die lewe sal geniet as hulle gehoorsaam is. Hulle moet ook die bedreiging hoor dat Hy hulle as 'n ywerige God sal besoek en tugtig op alle denkbare terreine van die lewe as hulle ontrou raak. Hierdie verhouding is die fondament van hulle bestaan. *Hulle 'enigste troos in lewe en in sterwe'.*

In die tussentyd word ook die goddelose bespreek. Goddeloses is egter nie die heidene nie, maar afvallige verbondskinders, losbandige kerklidmate, mense wat nie op die fondamente van hulle bestaan wil lewe nie. Mense wat onder die vaandel van die kerkvolk deurgaan, maar wat daartoe bydra dat die kerk die tekens van die valse kerk vertoon, want *hulle vervolg die lidmate* wat die bouwerk van hulle lewe inrig volgens die fondamente wat God deur sy verbond vasgelê het. Erger: Hulle gooi die fondamente self om. En as iemand kla dat die fondamente omgegooi word, spot hulle en sê: Julle bekrompe fondamentverslaafdes, fundamentaliste! Ons gooi nie die fondamente om nie, ons breek net deur die vorms waarin die fondamente gegiet is.

## Pluralisme en pluriformiteit

Onontkombaar is ons blootgestel aan 'n situasie waar 'n veelheid van standpunte, die pluraliteit van idees en modelle soos modeverskynsels opskiet en verdwyn. Die stabiliteit word juis gesoek in die waaghalsigheid van die onstabiele. Die vraag is nie meer of iets fundamenteel waar en reg is nie, maar of dit nog geldig, gewild, relevant is.

Fondasies waarop stewige bouwerke moet staan, is vir die post-modernis 'n grenslose irritasie: Dit moet afgebreek word tot 'n bouval en dan moet die dakplate, die vensters en deure gebruik word om 'n plakkershut aanmekaar te timmer. Sommer bo-op die grond, fondamentloos. Vinnig verwyderbaar. Vinnig vervangbaar. Op sand. Vandag is die waarheid nog nuut, maar môre is dit ook weer oud. Dan moet kreatiwiteit weer in hoogste versnelling kom om 'n nuwe waarheid te skep. As die fondamente omgegooi word, wat kan die regverdige doen?

Dis as beeldspraak pakkend. Dis byna asof die Psalmis die oggendnuus oor die radio lees. 'Kyk, die goddeloses span die boog; hulle het hul pyl op die snaar reggesit om in die donker te skiet na die opregtes van hart.' Alles wat vas is, word onvas gemaak. Lewenswaardes volgens die Woord word met twyfelvrae belaster: Die tyd het verander, die samelewing het beter metodes ontwerp. Ons moenie by die ontwikkeling agter bly nie. Moet ons dan wel deelneem? Wat is die grense?

Dis 'n baie moeilike opset waarin ons moet leef, net soos die Psalmdigter van ouds. Toe was dit pyle en boë, vangnette en verbreking. Die gelowiges was geterroriseer deur aanslae van geweld, juis omdat hulle vas vertrou op God en hulle lewe bou op die fondament van sy Woord. En die kerkgeskiedenis het gewys dat hierdie verskynsel soos 'n verskynsel van hierdie wêreld sal bly tot op die jongste dag wanneer die Here Jesus kom.

Die aanslag is sy felste aan huis. Ons eie mense. Want hoe maak mens wanneer die Sondagkoerantverkoper sy grootste geld maak wanneer hy by die uitgang staan juis as die mense na die erediens wegjaag huis toe? En hoe maak mens as gereformeerde lidmate ewe ywerig lotto-kaartjies koop - met goeie bedoelings? Hoe maak ons as gereformeerde jongmense net soos die jeug van die wêreld nagvermaak najaag, op die polsende maat van suggestiewe musiek, tussen gekleurde flitsende ligte en rookdampe deurnag en by bedenklike plekke uithang? Wat maak oningeligte ouers as hulle ontdek dat hulle kinders ook sluipende wandelaars in die donker gangetjies van nagklubs is? Wat maak ons as skoolgaande kinders en studente uit gereformeerde ouerhuise nie meer van die woord kuisheid wil weet nie? Dit as verbygaande denke uit die Westerse kultuur-imperialisme van die vorige eeu afmaak? Sê ons steeds dat die ouer garde onderontwikkelde fundamentaliste is wat moet bykom in ons nuwe grensverleënde wêreld?

## Ons kerklike roeping

Wat bly van die profetiese boodskap van die kerk oor as daar nie meer gehoor wil word van 'n vaste kennis en 'n onwrikbare vertroue op die ewig-geldende Woord van die Here en in die onveranderlike Here van sy Woord nie? Die huidige waardes moet as fundamentalisties en formalisme geëtiketteer word, en met 'n gees van dekonstruksie uitgewerp word. Elke teks word dan benader as dat dit op 'n gegewe tyd onder beheersing van 'n netwerk van verhoudings ontstaan het en wat as sodanig die betekenis van die tekste beïnvloed. Daarom kan nie gesê word dat 'n Skrifgegewe enige 'eens-en-vir-altyd-betekenis' het nie. Die Dekonstruksie dring aan op die absolute onmoontlikheid dat enige teks één onveranderlike betekenis het. Objektiewe waarheid moet dus vervang word met hermeneutiese waarheid.

Die gevaar kom in dreigende felheid aan wanneer valse profete vrede-vrede skreeu, liefde-liefde, terwyl *'die HERE die regverdige toets; maar sy siel haat die goddelose en die wat geweld liefhet.'* Groot gevaar wanneer profete van die Here op horisontale vlak afgekraak word met post-modernistiese gespot dat hulle nie kan aanspraak maak op *'die volkome leer van die saligheid'* nie. Daar is groot gevaar wanneer Bybelse waarhede tot verbygaande veranderlikhede verklaar word en in die plek daarvan menslike, eie goeddunke bedryfskundig, piëtisties aanskoulik en vermaaklik ingevoer word. As die fondamente omgegooi word, wat kan die regverdige doen?

## Skrifgesag

Fondamente word omgegooi wanneer die gesag van die woorde wat die profete tevore asook die apostels van die Here Jesus verkondig het, en wat vir ons op skrif oorgelewer is, betwyfel, gekritiseer, weggewerp word. Die gesag van God se Woord is immers nie in die dooie lettertjies, of die woorde in swart en wit op papier geleë nie, maar juis wanneer dit in die kommunikasieproses van kennisversameling, organisering, uitleg en toepassing suiwer verkondig word, want dan dring dit in menseharte in en bring geloof, bekering, heiligmaking, volharding tot stand (1 Petrus 1:23-25; Handelinge 2:37).

Daar is wel die beswaar dat die eens geïnspireerde Skrif nie meer sy goddelike en volkome gesag het sodra dit deur die denkprosesse van 'n sondige mens gegaan het nie. Dit is gedeeltelik waar. Dit is waar dat die Skrif onsuiwer en vals uitgelê kan word, en dan van sy gesag beroof word. Dan het

ons met valse profesie te doen. Dit is egter 'n nog heerliker waarheid dat die gesag van die Skrif juis in die lewendmakende uitwerking lê wat dit by die suiwere, lewende verkondiging en uitleef daarvan het. *'Die ware geloof word gewerk deur die verkondiging van die evangelie.'*

Fondamente word omgegooi wanneer mense telkens die fondamente weer van voor af wil lê (Hebreërs 6). Wanneer die geloofswaarhede van ons belydenis verander word tot 'n *algemene betwyfelde geloof* (Kuitert). Fondamente word omgegooi wanneer lidmate deur indrukwekkende argumentasie beweeg word om nie meer *'alles wat in die Skrif staan, te glo sonder om te twyfel nie'*.

## Wat sal die regverdige doen?

Lidmate, ampsdraers, gelowiges word geroep om as bruid van die Here Jesus voortdurend in reinheid, skoonheid en behaaglikheid vir haar Bruidegom behaagliker, skoner, reiner te word om sonder vlek of rimpeling te wees. Dis dus *semper reformanda*, en ook *semper puranda*. Dit is ons roeping om die bruid eenmaal so geheilig aan haar Bruidegom voor te stel. Nie om die bruid tot losbandigheid te verlei nie, tot wêreldgelykvormigheid nie.

Ons is ook die kudde van die Here. Die kudde moet op tyd goeie weiding en beskerming en verkwikking kry. Brandsiekskape wat ons in onsself is, moet tot 'n gesonde kudde vir die Opperherder van die skape opgebou word.

Die kerk is ook die *militia Christi* (die weermag van Christus, die strydende kerk) wat geroepe is om die goeie stryd van oorwinning te stry. Daarom moet die regverdiges sorg dat hulle met die volle wapenrusting toegerus is. Daar moet kennis wees om die vyand te identifiseer. Daar moet onderskeidingsvermoë wees om die geeste te toets. Daar moet dapperheid wees om te opponeer. Betrokkenheid by, belangstelling vir die saak van die Here in die vakmanskap, in die administrasie, in die politiek, in die skool, in die huis, by die werk. Danksy die HERE se onveranderlike genadeverbond bly sy trou ewig vas. Wat 'n fondament! *Hy is in sy heilige paleis.* Sy Koningskap kan nie vernietig word nie, en sy kerk is op 'n onomgooibare fondament gebou, die fondament wat die profete tevore en die apostels van die Here Jesus gelê het, en die Here Jesus is tegelyk die hoeksteen en ook die ewige rots waarop ons gebou is. Die poorte van die hel sal nie in staat wees om dit te oorweldig nie. En die kerk sal hieraan kan vashou: *Die Here is regverdig; Hy het geregtigheid lief; die opregtes sal sy aangesig sien.*

---

AKTUEEL

# HET GESAG GRENSE?

**Dr JG Meijer**, Pretoria

**Eer jou vader en jou moeder. Vereis dié gebod blindelingse gehoorsaamheid? Of het mense se gesag grense? Indien wel, waar oorskry gesagdraers die grens? En watter opdragte mag dan nie deur hulle ondergeskiktes uitgevoer word nie?**

God beklee vader en moeder en almal wat oor my gestel is, met gesag.[1] Wat is die aard en omvang van hierdie gesag? Dra die Here in die vyfde gebod enigiets van sy goddelike gesag aan mense oor? Of behou Hy altyd, in alle omstandighede, die hoogste gesag?

Indien God gesag aan mense oordra, moet elke opdrag van elke menslike gesagdraer as goddelike eis opgevolg word. Wie op hierdie standpunt enige opdrag nie uitvoer nie, oortree die Here se bevel. Dan moet enige lydelike verset teen 'n wet van die owerheid as propaganda vir oproer teen God gebrandmerk word. Dan is elke opstand teen enige tiran rewolusie. As God gesag aan mense oordra, het die gesag van en die gehoorsaamheid aan ons meerderes geen grens nie.

Indien die Here egter altyd die hoogste Gesagdraer bly, dan is elke mens rekenskap aan Hom verskuldig, ook oor die uitoefening van sy en haar gesag. Dan kom elke gesagdraer voor die vraag te staan: Waar lê die grense wat ek nie mag oorskry nie? En elke ondergeskikte staan dan voor die vraag: Watter bevel mag ek nie uitvoer nie? Waar trek my God die grens van gehoorsaamheid?

Dra die Here enigiets van sy gesag aan mense oor? Die antwoord op hierdie vraag bepaal hoe ver die gesag en verskuldigde gehoorsaamheid van mense strek. Om hierdie vraag skriftuurlik te beantwoord, besin ons agtereenvolgens oor die gesag van God, die gesag van mense en ons almal se verskuldigde gehoorsaamheid.

## God se gesag

Onse God is Koning. Majesteit en heerlikheid is voor sy aangesig.[2] Hy regeer vanuit sy hemelse troonsaal.[3] Hoe ver strek sy heerskappy? Hoe hoog is sy gesag? Watter plek het die verheerlikte Christus in die troonsaal van God? Hoe kry mense op aarde kennis van die Koning en van die wil van Hom wat vanuit die hemel regeer?

### *Absolute gesag*

Die Here se gesag is eerstens *universeel*, alomvattend. Hy maak Homself bekend as 'Regter van die aarde'.[4] Sy gesag het geen grens in tyd of ruimte nie. Alle mense, te alle tye, in alle lande, staan onder Hom. God, die universele Gesagdraer, roep hulle almal op die jongste dag tot verantwoording. Die Regter van die aarde vel vonnis.[5]

God se gesag strek ook oor al die mense se doen en late. Sy gesag is *lewe-omvattend*. Elke mens word op die dag van die gerig 'volgens sy werke' geoordeel.[6] Elkeen sal 'ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of

1 HK, antw. 104.
2 Ps 96:6.
3 Op 4.
4 Ps 94:2.
5 Op 20:11-14.
6 Op 20:13.

dit goed is of kwaad'.[7] Goddank - aan die gelowiges word hulle Verlosser se gehoorsaamheid en kruislyding toegereken. Sonder Christus se verdienste sou geen mens in die laaste oordeel vrygespreek kan word nie.

God dra behalwe die universele en lewe-omvattende ook die *hoogste* gesag. 'U, HERE, is die Allerhoogste oor die hele aarde.'[8] Daar bestaan geen gesag-instansie bo Hom, waarop 'n skepsel hom kan beroep nie. Het sy gesag grense? Nee, die gesag van die Allerhoogste is onbeperk, in alle eeue, in sy ganse skepping, in heel ons lewe. Sy gesag is absolute gesag.

By hierdie absolute gesag pas die mensdom se diepste eerbied. 'Gee aan die HERE, o geslagte van die volke, gee aan die HERE eer en sterkte.'[9] Die hoogste Koning het die reg lief. Daarmee gaan hierdie oproep saam: 'Verhef die HERE, onse God, en buig julle neer voor die voetbank van sy voete. Heilig is Hy'.[10]

### *Christelike gesag*

God gee aan ons Verlosser vanweë sy gehoorsame lyding en sterwe 'n Naam bo elke naam.[11] Hy ontvang die ereplek, 'aan die regterhand van die troon van die Majesteit in die hemele'.[12] Die troon van God is sedert Christus se hemelvaart 'die troon van God *en van die Lam*'.[13] Die Vader regeer deur Hom wat saam met Hom op sy troon sit.[14]

Hemelvaart - vervulling van die profesieë in Psalm 2 en Daniël 7. Die Here salf sy Seun as Koning. Hy ontvang heerskappy en eer en koningskap. Aan Hom word *alle* gesag in die hemel en op aarde gegee.[15] Sy Naam? 'Owerste oor die konings van die aarde',[16] 'die Koning van die konings en die Here van die here'.[17] Alle gesagdraers en al hulle ondergeskiktes word aan Hom onderwerp. Hy ontvang 'nasies as sy erfdeel, die eindes van die aarde as sy besitting'.[18] Hy dra - saam met God - die hoogste gesag, die universele, alle lande en tye omvattende gesag. Sy wêreldwye 'heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie'.[19]

Die hemelvaart van Christus is 'n keerpunt in die geskiedenis. Sy heil wat die lang eeue na die roeping van Abram nagenoeg tot een volk (Israel) beperk was, gaan uit na alle volke met die opdrag: Konings en onderdane, glo in Hom, dien Hom, kus die Seun.[20] Al die volke en nasies en tale moet Hom vereer.[21] Die opperste Gesagdraer voltooi die vergadering van sy kerk uit alle volke, tot die laaste uitverkorene. Hy oefen gesag uit en stel gesagdraers aan met die doel om God se verlossing-plan wêreldwyd uit te voer.[22]

Die tyd vanaf die hemelvaart van die Heiland tot sy wederkoms is die periode van die *regnum Christi*, die koningskap van Christus. Die hoogste Gesagdraer wat sy volk verlos, stel die hele lewe van alle nasies en van elke mens onder sy gesag. Hy neem geen genoeë met 'n slegte Sondag-christendom (diens aan God op Sondag en 'n 'neutrale' lewe van Maandag tot Saterdag) nie. Sy verlossing- en herstelwerk deurtrek al ons aktiwiteite: opvoeding, onderwys, wetenskap, kuns, werk in kerk en bedryf, omgang met mekaar, beheer van geld en goed, politiek, ontspanning, ensovoorts. Die hele lewe onder Koning Christus word weer wat dit voor die sondeval was: religie, diens aan God.

Wat verwag die hoogste Koning van al sy onderdane? Hoe leer hulle sy wil ken?

### *Geproklameerde gesag*

Die Here openbaar sy absolute gesag in sy Woord. Hy maak dit voorts bekend in die prediking. Predik is die vertaling van die Griekse woord *kèrussein*. In ou tye het 'n koning sy boodskappe aan die volk deur heroute laat afkondig. Die herout het blye tydings (byvoorbeeld die geboorte van 'n koninklike telg) en koninklike wette luidkeels geproklameer. Hierdie herout-werk is *kèrussien*.

Predikers is God se heroute. Die heroute proklameer die blye boodskap: vryspraak van skuldige kinders van God en die wet van vryheid, waardeur die Here sy *lewe-omvattende* gesag uitoefen. Gehoorsame prediking laat die lig van die evangelie oor die hele lewe skyn. Die hoorders leer die wil van God en van die Lam eietyds verstaan. Die hele gemeente, gesagdraers en ondergeskiktes, word geroep om die hoogste Gesagdraer te eer en te gehoorsaam.

Met die oog op die Here se *universele* gesag stuur die kerk sendelinge uit. Alle mense moet dié gesag erken. Alle nasies moet Hom vereer. Hoe sal die wêreld die Allerhoogste leer ken? Deur die proklamasie van sy verlossing en van sy roeping om as verlostes te lewe, Hom te eer en te dien. Sy *kèrugma*, sy proklamasie van heil, verlossing uit die tirannie van die Bose en onderwerping aan die hoogste Gesagdraer moet na die hele wêreld uitgaan.

God regeer, deur Christus. Hy is die opperste, die absolute Gesagdraer. Hy wat mense met gesag beklee, doen op geen wyse afstand van sy hoë gesag nie. Hy dra sy goddelike gesag aan niemand oor nie. Elke mens, ook die mens in 'n gesagposisie, bly altyd en in alle omstandighede aan Hom ondergeskik.

## Mense se gesag

God wil ons regeer deur vader en moeder en almal wat Hy oor ons gestel het.[23] Dra Hy wat geen afstand van sy opperste gesag doen, tog wel enigiets van sy gesag aan mense oor, sodat hulle oor "n klein deeltjie van die goddelike gesag' beskik? Wat leer die Skrif oor die gesag van mense?

### *Beperkte gesag*

Die Here gee slegs aan een Mens, aan die opgestane Heiland, *alle* gesag op aarde. Alle ander mense se gesag het 'n grens. Die man se gesag oor sy vrou is beperk tot sy huwelik. Ouers het net in hulle eie gesin gesag oor die kinders. Werkgewers het uitsluitlik in die bedryf gesag oor hulle werknemers.

Twee instansies se gesag strek baie wyd, naamlik die gesag van die kerk, vir sover sy die Woord verkondig, en die gesag van die hoë owerheid. Die ware kerk predik die Woord van die Here. Sy gesag word lewe-omvattend verkondig. Hy het seggenskap

---

7 2 Kor 5:10.
8 Ps 97:9.
9 Ps 96:7.
10 Ps 99:4-5.
11 Fil 2:9.
12 Heb 8:1.
13 Op 22:1,3.
14 HK, antw. 50.
15 Matt 28:18.
16 Op 1:5.
17 Op 19:16.
18 Ps 2:7.
19 Dan 7:14.
20 Ps 2:10-12.
21 Dan 7:14.
22 Sien oor gesag ten dienste van Christus se verlossingswerke B Holwerda. *De crisis van het gezag*. Groningen: Hendrik de Cockstichting, 1947.
23 HK, antw. 104.

oor al die doen en late van die lidmate. Ouderlinge word geroep om op huisbesoek na te gaan of en in hoeverre die lidmate God se gepredikte, lewe-omvattende gesag eerbiedig. Tog bly ouderlinge se gesag beperk tot die grense van die plaaslike kerk waaroor die Here hulle gestel het.

Ook hoë owerhede se wye gesag is begrens. Oor dié grense besin ons DV volgende maand.

Dit behaag die Here om nie 'n enkele persoon in 'n land met alle gesag te beklee nie. Een so 'n hoog geplaaste mens sou maar maklik en vinnig - veral in ons sondige wêreld - diktatoriaal optree, al die onderhoriges tiranniek onderdruk. Nee, God stel in sy wysheid 'n verskeidenheid van gesagdraers aan. Hy verdeel die gesag onder die mense om tirannie te voorkom.

Ons leer in die Skrif om die *omvang* van God se gesag en van mense se gesag noukeurig te onderskei.

- Geen mens het - soos God en die Lam - alle gesag in die hemel en op aarde nie.
- Geen mens het - soos die Here - lewe-omvattende gesag nie.
- Geen mens se gesag strek - soos die Here s'n - oor alle tye nie.
- God alleen het onbeperkte gesag. Alle menslike gesag het grense.

Elke gesagdraer moet binne die grens van sy of haar bevoegdheid bly. Wie die grens oorskry, keer God se orde om, pleeg revolusie. 'n Man wat sy vaderlike gesag na sy werkplek uitbrei en sodoende in sy werkgewer se posisie indring, ondermyn revolusionêr die gesag waarmee die Here sy werkgewer beklee.

Ons leer in die Skrif om benewens die *omvang* die *aard* van God se gesag en die gesag van mense noukeurig te onderskei.

- Geen mens dra - soos God en die Lam - die hoogste gesag nie.
- Die Here dra niks, selfs nie die minste, van sy gesag aan enige mens oor nie.

### *Dienaars van God*

Die aard van alle menslike gesag word in die eerste perikoop van Romeine 13 kernagtig getipeer. Ons lees al direk in die eerste vers: Daar is geen gesag behalwe van God nie. Hierdie sinnetjie het 'n enorme inhoud. Dit beskryf eerstens die oorsprong van die gesag en tweedens die roeping van elke gesagdraer. Die oorsprong: Alle gesag op aarde is deur God ingestel, van bo gegee.[24] Die roeping: Elke gesagdraer moet die Here se gesag uitoefen, in onderrig, in voorgaan, in uitvaardiging van bevele (of wette), in oplê van straf. Kinders in die huis en in die skool, lidmate van die kerk, werknemers, onderdane in die land moet ondervind: Ons meerderes bedien God se gesag aan ons.

God se openbaring oor alle menslike gesag word vanaf die derde vers toegespits op die owerhede. 'n Regering-stelsel (patriargaat, monargie, republiek, ensovoorts) word nie in hierdie hoofstuk voorgeskryf nie. Dit gaan oor die *amp* waarmee die Here alle owerhede beklee.

Let wel: Romeine 13 gee nie 'n weergawe van die toenmalige funksionering van die Romeinse bewind of van die Romeine se gesag-beskouing nie. Hierdie hoofstuk beskryf die owerheid wat die Here daarstel. Ons kyk na die owerheid, nie deur die oë van die heidense Romeine nie maar deur die oë van onse God. Die Here hou hier aan elke owerheid die spieël voor, tot voortdurende selfbeproewing. Hy stel sy *norm* waaraan owerhede moet beantwoord.

Wat sien ons in hierdie spieël? Die owerheid (en alle ander gesagdraers) is dienaars van God. Dit word drie keer in Romeine 13 vermeld (verse 4 en 6) en dus sterk beklemtoon. Owerhede is liturge, diakens van die Here. Alle regeerders staan altyd in sy diens. Hy vra rekenskap van hulle 'regeerdiens'. Hulle moet verantwoording van hulle 'regeer-dade' doen.

Romeine 13 openbaar: Owerhede en alle ander gesagdraers is dienaars, dienaars, dienaars van die allerhoogste God. Hy is en bly die Opper-Gesagdraer. Hy stel mense oor ander mense net om sy onderrig oor te dra, sy reg te laat geld, sy straf op te lê.

Owerhede wat die Here eerbiedig, Hom gehoorsaam in hulle hoë amp dien, 'is geen voorwerp van vrees by die goeie dade nie, maar by die slegte' (vers 3). Hulle oefen gesag uit, ons ten goede. Owerhede wat Hom egter nie dien nie en sy volk bloeddorstig vervolg, sal op die dag van verantwoording van die hoogste Gesagdraer te hore kry: Julle wat Ek as my *dienaars* aangestel het, was ongehoorsaam. Julle het as my *vyande* te kere gegaan. Julle was nie my volk ten goede nie, maar ten kwade. Nou word die bloed van my kinders wat julle tot in die marteldood veronreg het, van julle hande geëis.

Die Here dra nie enigiets van sy gesag aan mense, sy dienaars, oor nie. Hy behou sy universele, lewe-omvattende en hoogste gesag. Die vraag kom na vore: Hoe moet ons sy hoë gesag bly eerbiedig in ons onderwerping aan die mense wat Hy oor ons gestel het? Moet ons al hulle bevele uitvoer? Indien nie, waar lê die grens van gehoorsaamheid, die grens wat gelowiges nie mag oorskry nie?

## Die verskuldigde gehoorsaamheid

Elke mens moet hom onderwerp aan die gesagdraers wat oor hom gestel is.[25] God stel hulle in hulle hoë amp. Hulle is sy dienaars. Daarom strek sy gehoorsaamheid-gebod baie ver. Ondergeskiktes moet met die swakheid en gebreke van hulle meerderes geduld hê. Die Here beveel selfs gehoorsaamheid aan harde here. Voer hulle onbillike bevele wel uit. Ly onreg wanneer julle onregverdige strawwe moet ondergaan. Die wye strekking van die gehoorsaamheid-gebod het in Februarie ons aandag ontvang.

Die gesag van mense en die gehoorsaamheid aan hulle het egter wel grense. Die Here gebied in die vyfde gebod onderwerping aan die goeie leer en tug van ons meerderes, met verskuldigde gehoorsaamheid.[26] Ons mag ons nie aan elke leer en tug nie maar slegs aan *goeie* leer en tug onderwerp. Die Here veroorloof ons nie om in alle gevalle gehoorsaam te wees nie. Nee, ons moet *verskuldigde* gehoorsaamheid betoon.

Waar eindig hierdie verskuldigde gehoorsaamheid?

### *Die tirannie verdrywe*

Die gesag van die owerheid het ten tye van Die Reformasie van die sestiende eeu diepgaande aandag gekry. Die reformatore het op twee fronte 'n verbete stryd gevoer, aan die een kant teen Wederdopers wat die gesag van die owerheid verwerp en aan die ander kant teen owerhede wat op aandrang van die

24 Vgl. Joh 19:11.
25 Rom 13:1.
26 HK, antw. 104.

Roomse Kerk alles in die werk gestel het om Die Reformasie met geweld uit te roei.

Ouers wat hulle gesag misbruik om hulle kinders tiranniek te verdruk, kan deur die owerheid uit die ouerlike mag ontset word. Wat van owerhede wat self tiranniek hulle onderdane onderdruk? Hierdie vraag word in die kerke van Die Reformasie indringend behandel. Hier word net enkele name uit die gereformeerde deel van Die Reformasie genoem: Johannes Calvyn,[27] sy opvolger in Genève Theodorus Besa en die Skot John Knox. Besa skryf 'n boek oor die reg van owerhede (*De jure magistratuum*). Kort daarna (1579) verskyn daar 'n boek oor regmatige optrede teen tiranne onder die titel *Vindiciae contra tyrannos*. Hierdie literatuur gee aan gereformeerdes leiding in hulle verset teen tiranniek owerhede in Frankryk, Nederland en Skotland.

Wanneer is verset teen 'n tiran geoorloof? Antwoord in die bogenoemde literatuur: Slegs indien die vryhede van die burgers ernstig aangetas word en veral as 'n owerheid die ware religie bestry en onderdruk. Wie mag die verset ontketen, desnoods die wapen teen 'n tiran opneem? Antwoord: Nie private persone nie, nie die volk nie, maar uitsluitlik die laer magistrate wat die hoër magistrate van tirannie moet weerhou.

Die tirannie verdrywe. Dit is 'n reël uit die Nederlandse volkslied. Dit behoort tot die geboorte-stukke van die Nederlandse nasie en sy 'dogter-volk' in Suid-Afrika. Wie meer kennis oor die reg van opstand wil opdoen, word verwys na wat RH Bremmer daaroor geskryf het en verdere literatuur waarna hy verwys.[28] Die kwessie van die reg van opstand word hier net aangeroer. Geoorloofde verset teen tiranne kom nie in hierdie reeks verder ter sprake nie. Ons besin naamlik sedert die kommentaar van 'n leser in die Januarie-nommer van ons blad nie oor die reg van opstand teen tiranne nie, maar oor die vraag: Is verset teen 'n bepaalde wet van die owerheid geoorloof? Gebied die Here om die roede-verbod in die skool op te volg? Of verbied Hy dit?

## *Handel nooit teen God se wil nie*

Is verset teen 'n anti-skriftuurlike wet van die owerheid geoorloof en selfs verplig? Om hierdie vraag te beantwoord moet ons *die samehang van die eerste en vyfde gebod* voor oë hou. Die eerste gebod: 'geen ander gode voor my aangesig nie', word deur die Here Jesus gekarakteriseer as 'die eerste en groot gebod': 'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand'.[29] Ons moet God bo alles en almal liefhê.

Ons mag nooit met 'n beroep op die vyfde gebod van die eerste en groot gebod afwyk nie. Ons leer uit die Woord hoe die Here in sy eerste gebod die grense van gesag en verskuldigde gehoorsaamheid in die vyfde gebod bepaal.

### *God en die keiser*

Versoekers stel aan die Heiland 'n strikvraag: 'Is dit geoorloof om aan die keiser belasting te betaal of nie?' Christus antwoord: 'Betaal aan die keiser wat die keiser toekom, en aan God wat God toekom'. Oppervlakkige verklaarders sê: Christus skei twee 'terreine'. Gee aan elkeen, aan die keiser en aan God, sy eie deel. Hulle skei godsdiens en lewe, genade en natuur, besondere en algemene genade, die gesag van God en die gesag van mense. Dit is volgens hulle twee afsonderlike kompartemente. Godsdiens en politiek kan volgens hulle standpunt op geen manier met mekaar verbind word nie.

Hierdie verklaarders luister nie noukeurig na die Skrif nie. Voordat die Heiland die strikvraag beantwoord, laat hy sy teenstanders die belasting-penning soek en bring. Hy vra: 'Wie se beeld en opskrif is dit?' Die versoekers sê: 'Die keiser s'n'. Hulle wys op die kop van die keiser wat op die munt afgebeeld is, maar hulle sê niks oor die opskrif nie. Die randskrif bevat die volgende woorde (die gedeelte in hakies word aangevul): *'Ti(berius) Caesar Divi(ni) Aug(usti) F(ilius) Augustus'*: Tiberius, Keiser Augustus, seun van die goddelike Augustus.[30] Die keiser vergoddelik homself.

Terwyl Christus op die belastingmunt se beeld en randskrif wys, sê Hy: Betaal aan die keiser wat hom toekom.[31] God het hom as sy dienaar oor julle aangestel. Eer die keiser in sy hoë regeer-amp. Wees gehoorsaam. Betaal aan hom belasting. Betaal aan hom egter nie die eer en hulde wat alleen God toekom nie. Die Heiland skei nie godsdiens van politiek nie, maar leer inteendeel om God in die politiek te dien. Vergoddelik die keiser nie. Betaal aan die Here die goddelike eer wat Hom alleen (nie die keiser nie) toekom.[32] Onderhou die eerste gebod (God liefhê bo alles en almal) in die verskuldigde eerbied vir en gehoorsaamheid aan die keiser.

Terwyl ons die vyfde gebod onderhou, mag ons die eerste nie uit die oog verloor nie. Die Here duld geen keiser-vergoddeliking met 'n beroep op die vyfde gebod nie. Hierdie reël geld ook ten aansien van die laer magistrate, die konings wat destyds onder keiser Tiberius geregeer het. Die Skrif sê: Vrees God, eer die koning.[33] Ons mag geen magistraat eer ten koste van die eerbied vir die Here nie. Toe Herodes, een van die konings onder Tiberius, homself laat vergoddelik, tref 'n engel van die Here hom, 'omdat hy die eer nie aan God gegee het nie'. Hy 'is deur wurms verteer en het gesterwe'.[34] Keisers, konings, staatspresidente, stamhoofde en alle ander owerhede bly in hulle hoë posisie dienaars van God. Hy behou altyd sy hoogste gesag.

### *Aan God meer gehoorsaam as aan die mense*

Vergeet nie die eerste gebod in die besinning oor die vyfde gebod nie. Hierdie reël geld nie slegs vir owerhede en onderdane nie maar vir alle gesagdraers en alle ondergeskiktes. Die Here Jesus stel grense aan gesag en gehoorsaamheid in sy uitspraak: 'Wie vader of moeder bo My liefhet, is My nie waardig nie; en wie seun of dogter bo My liefhet, is My nie waardig nie'.[35] Hy ontketen nie familietwiste nie. Die gebod van liefde vir die naaste, van ouers vir hulle kinders en van kinders vir hulle ouers, staan in sy sondelose hart gegraveer.

Dit gaan in hierdie uitspraak oor 'n situasie waarin die gebod van God in die gedrang kom. Dan eis die Here om 'n duidelike *keuse* te doen. As vader of moeder opdrag gee om teen sy gebod in te gaan, moet die kind die gebod van die Here verkies. Die kind wat sy ouer in afwyking van die Here se gebod volg, is Hom nie waardig nie. 'n Ouer wat twis wil

27 Sien onder meer die laaste deel (4.20.32) van Calvyn se *Institusie van die christelike godsdiens*.

28 RH Bremmer. *Reformatie en rebellie*. Franeker: Wever, 1984, p. 11-25.

29 Matt 22:37-38.

30 Die afbeelding van die belastingmunt in B Reicke & L Rost. *Bijbels-historisch woordenboek*, deel 5. Utrecht: Spectrum, 1970, p. 228.

31 Mark 12:13-17; vgl. Matt 22:15-21.

32 Vgl. J van Bruggen. *Marcus: het evangelie volgens Petrus*. Kampen: Kok, 1988, p. 266.

33 1 Pet 2:17.

34 Hand 12:21-23.

35 Matt 10:37.

vermy en daarom nie die afdwalende kind waarsku nie, minag die eerste gebod en is daarom Christus nie waardig nie. Liefde vir God, die eerste en groot gebod, kan 'n tydelike en selfs finale breuk met die familie noodsaaklik maak.

'Kinders, julle moet jul ouers gehoorsaam wees in die Here, want dit is reg.'[36] Wees gehoorsaam *in die Here*. Die ouerlike gesag kom van Hom. Eer vader en moeder. Onthou ook: Hulle is en bly sy dienaars. As die dienaar beveel om die wil van sy Opdraggewer te weerstaan, bly gehoorsaam aan julle hoogste Gesagdraer. 'Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense.'[37] Die eerste gebod stel elkeen vir die opdrag om eerder van alle skepsels af te sien as om in die minste teen die wil van die Here te handel.[38] Geen skepsel, geen owerheid, ouer, voorganger in die kerk, onderwyser, werkgewer of welke gesagdraer ook al, mag enige ondergeskikte dwing om teen God se gebod in te gaan nie. So 'n dwang moet gelowig weerstaan word in die pertinente keuse vir die gebod van die Here.

Het gesag grense? Die gesag van onse Vader en van ons verheerlikte Christus is die enigste absolute gesag. God se hoogste gesag stel grense aan alle menslike gesag en aan gehoorsaamheid jeens mense. Oor die grense van die owerheid-gesag gaan dit DV in die volgende artikel. Ons hoop om daarna hierdie reeks af te sluit met enkele gedagtes oor verset-plig in die lig van die Skrif.

36 Ef 6:1.
37 Hand 5:29; vgl. 4:19.
38 HK, antw. 94.

**ONDERWYS**

# Videoseminaar: Intergeloof in die onderwys

**G Opperman**, Potchefstroom

**'n Toerustingsgeleentheid vir christenouer en -onderwyser, -kind en kerkraad Toegelig met 'n grootskerm video- en skyfievertoning**

## Agtergrond

'Die *Intergeloof*- en *New Age* bewegings is vasbeslote om die denke van die huidige generasie jongmense te kaap. Sodoende kan beheer oor die wêreld van môre verkry word. Hulle doen dit alreeds deur die nuwe onderwyssisteem en die media.' Dit is die waarneming van Sarel van der Merwe, Suid-Afrika se voorste kenner en navorser op die gebied van die New Age en Intergeloof.

Dit lyk of hierdie waarneming bevestig word deur onlangse uitsprake van mnr E Williams, die Direkteur-generaal van Onderwys: 'The public school has an educational responsibility for teaching and learning about *religion* and *religions* in ways that are different than the religious education, religious instruction, or religious nurture provided by the home, family and religious community' (Godsdiensonderwyskonferensie, 2 Sept 2000, UP).

*Intergeloofgodsdiensonderrig*, wat gelykheid van alle godsdienste bevorder, is waarskynlik die voorland van die meerderheid christenkinders in Suid-Afrikaanse skole. Dit gaan gepaard met die nuwe waardes wat die onderwysdepartement in skole wil implementeer om kinders oor te haal tot 'n intergeloofgodsdiensbeskouing. *Respek* en *waardering* vir alle godsdienste is sleutelwaardes wat in die nuwe uitkomsgebaseerde onderwysstelsel bereik sal moet word.

Reeds word christenkinders deur sommige van die nuwe kurrikulum 2005 handboeke geleer om Oosters-godsdienstige en okkultiese praktyke te beoefen. Meditasie en astrologie is maar twee voorbeelde hiervan. Ander leerinhoude word gevul met *New Age*-studiemetodes soos *educational kinesiology* (of te wel *breingym*) - alles deel van skoolprojekte wat op joga en akupunktuur gebaseer is.

Respek en waardering moet ook ten opsigte van ander onbybelse seksuele praktyke aangekweek word. Christenkinders word in die naam van *Lewensoriëntering* geleer dat homoseksualiteit en voorhuwelikse tienerseks aanvaarbaar is. Die kind word selfs aangemoedig om vrylik te kies en te ontdek waar sy seksuele voorkeure lê. Hierdie keuses word sonder eties-christelike norme aan hom voorgehou as normaal en aanvaarbaar.

Mnr van der Merwe, die hoofspreker tydens die seminaar, is van mening dat christenouers nie langer doodgerus agteroor sal kan sit en glo dat 'die regering, die onderwysdepartement, die skool in samewerking met die kerk, sal sorg vir hulle kinders se christelike opvoeding' nie. Ouers en kinders self sal hul moet vergewis van die nuwe situasie waarin hulle hul bevind.

## Die seminaar

'n Halfdag inligtingseminaar om ouers en onderwysers, kind en kerkraad toe te rus vir hierdie aanslag word DV gehou op 19 Mei 2001. Dit vind plaas vanaf 8h00 tot 13h00 by die Sinodesaal op die hoek van Molen-en Meyerstrate in Potchefstroom, geloods deur die Christen-Moraliteitsaksie, Interkerklik Potchefstroom.

Dr Irmhild Horn gaan ook by die geleentheid optree. Sy verwys onder andere na die geloofwaardigheid van die *linker/ regterbrein-teorie* soos dit tans in die onderwys aangewend word. Hierdie teorie het ook sy oorsprong in die Oosterse wêreldbeskouing. *Volgens Dr Horn moet die gevare van godsdiensvermenging in die ouerhuis en die kerk afgeweer word. Gebeur dit nie, gaan daar 'n geslag mense gevorm word 'met 'n algehele onvermoë om waarheid van valsheid te onderskei'.*

## Hoe ervaar ouers en kinders die nuwer leerplan-inhoude?

'n Bekommerde ouer skryf:

'Verlede Woensdag het 'n graad 5 leerder my vertel hoe hulle in die wetenskapklas 'n reëndans moes uitvoer. Hulle het dit baie geniet, maar dit het hulle tog snaaks laat voel. Hulle moes twee-twee die *Reënkoningin* voorstel, asook die persoon wat na haar toe kom en die rympie probeer uitvind wat by die ritueel gesê word. Hulle het egter maar hul eie rympies opgemaak, want hulle kon nie die ware woorde uitvind wat die reën sou laat val nie.

In die Engelse handboek vir graad 7 word die klas aanbeveel om 'n opvoering te hou waar die een 'n sangoma is en die ander sy pasiënt. Die hele hoofstuk handel oor die *African Traditional Healer.'* Daar word 'n storietjie vertel van 'n kind wat siek is. Die ouers neem die kind na 'n dokter, maar die kind bly siek. Dan word die kind na 'n tradisionele geneser (toordokter) geneem, wat vasstel dat daar 'n towervloek op haar is, dit dan breek en die kind word gesond. In die handboek is 'n prent van 'n sangoma met dolosse.

'n Derde klaskamervoorbeeld word ook aangehaal. 'n Budhistiese praktyk word naamlik aangeleer in die *Leerarea Lewensoriëntering* (Graad 7 handboek: *Op jou eie bene*, p 18).

*Aktiwiteit 17: Kom ons maak 'n Mandala*

Die kind word aangemoedig om 'n Mandala te teken en op te plak in die klas. Dan staan daar: *'Elke keer as jy hartseer voel of in jouself twyfel, kan jy na die Mandala kyk en jouself aan die skoonheid in jouself herinner.'* In die prentjie van die Mandala word die betekenis daarvan baie eufemisties beskryf.

Die ware betekenis van die Mandala

Volgens gesaghebbende Budhistiese boeke is die Mandala 'n Tibetaanse Budhistiese simmetriese patroon wat gebruik word vir meditasie. Dit simboliseer 'n Budhistiese tempel.

*My vraag is* (vervolg die briefskryfster):

'As ons die opplak van Bybelverse, soos *"Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee"* as deel van 'n klasoefening sou vereis en 'n Moslem- of Hindukind sou dit moet opsê, hoe sou hul ouers daarop reageer? *Hoe moet ons reageer op hierdie Budhistiese oefening?*

(Uittreksels uit 'n brief van 'n christenouer, in die artikel 'Wat gebeur in ons skole met die nuwe handboeke?' *Roeping en riglyne*, Des. 2000, p18-19)

Dr Irmhild Horn, Departement Primêre Onderwysers Opleiding by UNISA, gee die volgende aan die hand: 'Christenouers het die verantwoordelikheid om die suiwerheid van God se enigste reddende openbaring in Jesus Christus aan hulle kinders oor te dra. Dit kan alleen in die Bybel gevind word. Hierdie verantwoordelikheid het geensins verval omdat ons 'n tydvak betree het waar absolute verdraagsaamheid as hoogste waarde aangeslaan word nie. Inteendeel, die huidige tydgees roep christenouers op tot volle erkenning van hulle verantwoordelikheid voor God - om dié kinders wat Hy aan hulle toevertrou het, onbeskaamd en onbevreesd volgens sy heilige Woord op te voed.

**Die halfdag-seminaar gaan die volgende toelig: Die Intergeloofbeweging en die wêreldwye geestelike denkverskuiwing**

Wat leer hierdie beweging oor God, Jesus Christus, die mens en sy verlossing? Is hierdie beweging besig om die wêreldtoneel voor te berei vir die vereniging van verskillende godsdienste en die daarstelling van 'n *Globale Spiritualiteit* of *Een- wêreldgodsdiens*? Inleidings handel oor die volgende aspekte:

- Die Parlement van Wêreldgodsdienste, die Suid Afrikaanse Intergeloofbeweging en hulle onderwysagenda
- Intergeloofsgeoriënteerde teoloë van Unisa, die *National Association for Multireligious Education* en hulle doelwitte
- Multigeloofgodsdiensonderrig in die klaskamer
- Intergeloofdoelwitte, soos vervat in die *Values, Education and Democracy*-dokument van die Departement van Onderwys
- 'n Kritiese evaluering van 'n aantal Kurrikulum 2005 handboeke met betrekking tot: Intergeloof- en antichristelike denke, beoefening van okkultiese praktyke as deel van klasprojekte, en onchristelike seksvoorligting
- Die aanwending van *New Age*- en alternatiewe studiemetodes waarin daar gebruik gemaak word van meditasie, visualisering, veranderde bewussyntoestande en linker/regterbrein tegnieke. Hiertydens word studiemetodes soos *Suggestopedie* en *Superleaming* bespreek.
- *Educational Kinesiology* (of te wel *Breingym*) is studiemetodes in die nuwe Kurrikulum 2005 wat ook op Oostersgodsdienstige tegnieke (joga en akupunktuur) gebaseer is.

Bogenoemde lesings sal toegelig word deur 'n grootskerm video en skyfievertoning.

## Verdere inligting

Sou u enige verdere inligting benodig, is u welkom om met die Sameroeper in verbinding te tree. Sy telefoonnommers is onderaan die brief.

*Ten slotte wil ons graag beklemtoon dat geen aanval op enige skool of sy personeel geloods word nie. Inteendeel. Ons wil juis graag die christenhoof, christenonderwyser, -ouer en -kind bereik en ondersteun. Hierdie geleentheid is dan by uitstek 'n toerustinggeleentheid om vanuit 'n christelike perspektief op hoogte te kom van verwikkelinge. Dit stel mens in staat om op 'n bybelse manier taktvol te reageer binne moontlike situasies wat die christenonderwyser en -kind in die gesig mag staar. Dit stel ons in staat om God se eer en heiligheid voorop te stel.*

*Sameroeper:*

Reëlingskomitee

Mnr Gustav Opperman

(Geref. Kerk Potchefstroom)

Tel.: (018) 293-2590, 082-373-062

## Naskrif van die eindredakteur

Die vraag of en indien wel, in hoeverre die owerheid in die sogenaamde Ou en Nuwe Suid-Afrika met betrekking tot die onderwys die grense van sy gesag oorskry het en oorskry, sal DV binnekort in *Waarheid en dwaling* aangespreek word.

# DIE NAAM VAN DIE HERE IN MEDIESE PRAKTYK

Dr JM Boon, Cambridge

**'Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie, want die HERE sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.' So lui die derde gebod. Die Here beveel ons in hierdie gebod om nie sy Naam te laster of te misbruik nie. Die gebod is egter wyer as dit. Die Here *verbied* die lastering van sy Naam, en *gebied* die regte gebruik van sy Naam.**

## Die derde gebod is breed

Die Heidelbergse Kategismus gee ons inderdaad in Sondag 36 'n breë uitlegging van hierdie gebod. Daarin bely ons: 'Ons mag die heilige Naam van God nie anders as met vrees en eerbied gebruik nie, sodat Hy deur ons reg bely, aangeroep en in al ons woorde en werke geprys word.'

Hierdie gebod geld ook vir die gewone daaglikse werk in 'n mediese praktyk, hospitaal en mediese skool. Die Naam van die Here reg gebruik behels nie alleen hoe daar in die gesondheidsorg oor die Here gepraat of nie gepraat word nie, maar ook gewerk word. Die Naam van die Here moet immers in al ons woorde en werke geprys word.

Die gebod is verder wyer as net die laster van God se Naam; dit sluit ook in die oproep om sy Naam reg te gebruik, ook daar waar hierdie Naam vandag dikwels verswyg of vergeet word.

## Die derde gebod is relevant vir die mediese praktyk

Juis ook in die gesondheidsorg waar ons te doen het met die lewe en dood van mense wat God gemaak het, geld hierdie gebod om met vrees en eerbeid die Naam van die Here te gebruik. Die Here het immers alle lewe geskep deur sy Woord. Dit is ook die Here wat lewe weer neem na sy welbehae.

Sou ons dit nie in ag neem in ons mediese praktyk nie? Die Here vra ons om wat ons ook al doen in woord en in daad, dit te doen in die Naam van die Here Jesus Christus (Kolossense 3:17). Dus ook ons arbeid in die versorging, navorsing en behandeling van pasiënte is ten nouste verbonde aan die Naam van ons Here Jesus Christus. Hoe mooi praat die Skrif nie van hierdie Naam nie: 'Alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape, Hy is voor alle dinge en in Hom hou alle dinge stand.' (Kolossense 1:16,17).

Dit is noodsaaklik dat die mediese professie raaksien waarin alle dinge hul sisteem het: In die Naam van Jesus Christus. In hom beweeg ons, dink ons en is ons.

Dus mag ons in ons mediese arbeid die Naam van die Here bely waarin alle mediese handelinge, hetsy ondersoeke, geneesmiddels, chirurgiese ingrepe, versorging ensovoorts hul sisteem vind.

Waarom sou ons dan nie hierdie Naam betrek in die daaglikse mediese werk nie? Nie deur die Naam van die Here te misbruik nie, soos dikwels die geval is onder mediese dokters. Nee, maar om die Naam van die Here met vrees en eerbied te gebruik, sy Naam te bely en aan te roep.

Die gebod betrek ook ons werk in die mediese praktyk. Ook deur ons werk mag ons die Naam van die Here prys. Dit beteken dat die dokter-pasiënt verhouding, die ingrepe wat voorgestel word, die geneesmiddels wat voorgeskryf word (ook wat betref geboortebeperkende middels), tot eer van die Naam van die Here ingerig word. Sodat die Naam van die Here ook deur ons werk geëer en nie gelaster word nie.

## 'n Voorbeeld uit die gesondheidsorg

Neem byvoorbeeld een aspek van die mediese praktyk: die operasie-teater in 'n hospitaal. Sou ons hier die Naam van die Here buite hou? Is dit 'n plek om die Naam van die Here reg te gebruik, Hom te bely en aan te roep? Uit ervaring word die Naam van die Here hier egter dikwels ydellik gebruik. Maar is dit nie Hy wat gesorg het dat al die middele en kundigheid beskikbaar is om die operasie uit te voer nie? Hy beskik immers oor die lewe en die gesondheid van die pasiënt, en gebruik daarvoor artse en ander hulpmiddele. Konkrete hulpmiddele soos 'n narkose-apparaat en ventilator, chirurgiese hegtingsmateriaal en antibiotika, pynverligtende middels en opvolgondersoeke ensovoorts.

Sou ons dan die Naam van die Here heeltemal buite die prentjie laat? Sou ons nie in afhanklikheid Hom erken as die beskikker van ons lewe nie en so ook in die teater sy Naam heilig nie?

Konkreet beteken dit vir die pasiënt om ook hier die Naam van die Here aan te roep. Daardie Naam waarvan die psalms sing: 'Roep My aan in die dag van benoudheid, Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer' (Psalm 50:15).

Dit geld ook konkreet vir die dokter. In my chirurgiese arbeid is ek ten opsigte van kundigheid, handvaardigheid en tegniek van dié Naam afhanklik, wat aan almal lewe en asem en alles gee (Handelinge 17:25b). Dit mag ek ook bely voor my pasiënt. Ja, nie net voor 'n gelowige pasiënt nie, waar die dokter en die pasiënt saam die Naam van die Here oor siekte en operasie mag aanroep, maar ook sy Naam bely voor ongelowige pasiënte. Ook voor die mense mag die gelowige dokter te kenne gee waar hy sy hulp vind. Nie in 'n dweperige omhaal van woorde nie, maar 'n woord of twee op die regte tyd, waaruit sonder twyfel blyk dat, of die pasiënt dit nou glo of nie glo nie: Ons lewe word beheers deur die enigste Naam in die hemel en op die aarde.

## Is die Naam van God weerloos of almagtig?

Die mediese etiek misbruik die Naam van die Here vandag in 'n groot mate. Dikwels word die Naam van die Here verbind aan sake waarmee God niks te doen het nie. So word die Naam van die Here in verband met dit wat ydel is genoem. Dink aan die totale vertekening van wat moderne etici (dikwels christene van naam) beweer wat God oor sake soos homoseksualiteit en aborsie sê. Hoe dikwels word daar deesdae geïmpliseer dat God vir sekere mediese beslissinge nie relevant is nie!

Deur te maak of God magteloos is, word die Naam van God gelaster. Dikwels nie in woorde nie, maar die tydgees klop as't

ware daarvan, ook in die gesondheidsorg. God word heeltemal buite die prentjie gelaat, want vir die postmoderne mens beteken God niks meer nie. Hoor ons nie hierdie verwyte teen die Here ons God nie? As die Here 'n liefdevolle God is, waarom dan al die ellende en siektes? Hy is magteloos in die gesondheidwereld, dit is die mens se konklusie. Ja, ook dikwels christene sien God as die magtelose en weerlose God. Dit terwyl die Naam van die Here juis inhou soos ons in die Skrif lees, dat Hy die Almagtige God is. Dit is juis ook aan sy Naam verbonde: Ek is wat Ek is, Ek sal bewys dat Ek is wat Ek belowe het om te wees! So maak die Here Hom bekend in sy Woord. Eerbied vir God se Naam hê, beteken daarom juis ook om baie noukeurig te luister wat die Here in sy Woord oor die mediese vakterrein sê. Want daar is nie een vakterrein in hierdie kosmos, waarvan Christus nie Koning is nie.

---

**REKENAAR EN INTERNET**

# 'n Vaste burg is onse God

**Dr AH Bogaards**, Daniëlskuil

## Beskerming dringend noodsaaklik

Laat ons eerlik wees: Die lewe in stad Internet is dodelik gevaarlik. Die geestelike lewe van onsself en ons kinders is op die spel.

Hoe kan ons onsself en ons kinders beskerm teen die bedreigings wat daar is en tog nog die mooi dinge in hierdie stad van God geniet?

### *Hedgebuilders*

Op die Internet is programme bekend as *Hedgebuilders* beskikbaar, wat die pad na verderflike plekke blokkeer. As so 'n program op jou rekenaar geïnstalleer is, weier die program om jou toegang te gee tot webbladsye wat geweld, pornografie, haatspraak, dobbelary en dwelms bevat. Die program bevat ook 'n hele lys van aanstootlike woorde, waarby jy ook nog ander kan voeg en as 'n webbladsy een van hierdie woorde bevat, word jou toegang daartoe versper.

Die vreemde naam *Hedgebuilders* het waarskynlik sy oorsprong uit Job 1 vers 10. In die King James Version lui die teks: 'Hast not thou made an ***hedge*** about him, and about his house, and about all that he hath on every side?' Die program wat ek gebruik, is *We-Blocker* en dit kan gratis afgelaai word by die volgende adres: http://www.we-blocker.com.

Daar is ook nog ander programme. Heelwat daarvan is nie gratis nie.

## Enkele tekortkominge van *Hedgebuilders*

*Hedgebuilders* is baie nuttig. U kan blootstelling van uself en u kinders aan ongewenste sake verhoed. Tog moet ons besef dat hierdie programme nie alles is nie.

Dit kan vergelyk word met 'n aan-af-skakelaar aan die Internet. Jy kan self besluit of jy dit aan of af wil skakel, net soos wat jy met jou TV kan doen, as daar iets vertoon wat onchristelik is. Daarmee is egter ook 'n swakheid van die *Hedgebuilders* aangetoon. Die program is so sterk soos jyself - en sonder God is dit 'n ronde nul.

U kind se maat het miskien nie 'n *Hedgebuilder* op sy rekenaar nie en die Internetkafee nog minder.

Daar is nog tekortkomings. Die *Hedgebuilders* se beskerming is beperk. Ek noem een voorbeeld: Dit beskerm jou nie teen dwaalleer nie. Ons het dus 'n beter *Hedgebuilder* nodig.

### *Dié Hedgebuilder en sy Hedge*

Die Here is nie alleen die *Hedgebuilder* van sy volk nie. Hy is ook self die *Hedge*. Die Bybel noem die Here self ons skild (Genesis15:1), ons Bewaarder (Psalm121) en 'n vurige muur rondom ons (Sagaria 2:5). Dit is deel van ons enigste troos dat Christus ons so bewaar dat sonder die wil van ons hemelse Vader geen haar van ons hoof kan val nie (HK, antwoord 1).

Ons moet bid om sy bewaring en ons kinders lei na hierdie Bewaarder. Die Here is ons krag en ons sterkte. As ons weet hoe swak ons self is, dan is ons sterk - sterk in God.

Alleen in sy gemeenskap is ons en ons kinders werklik veilig. God is 'n toevlug in die nood, 'n rots wat altyd vas bly staan (Psalm 46:1, Totius-beryming).

---

**PERSSKOU**

**Ds GJ Meijer**, Wonderboompoort

# Waarom nog kerk?

Verskuiwing van grense in die postmoderne tyd is geen blote gedagtespinsel wat mense se lewens onaangeraak laat nie. Die verskuiwing van grense lei uiteindelik tot 'n heel nuwe benadering tot die kerk en alles wat daar verkondig (behoort te) word. In *Finesse* van Januarie 2000 is die vraag 'Is kerk toe gaan nog belangrik?' aan enkele prominente mense in die samelewing gestel.

Jan van der Watt van die NG Kerk sê: *In die Bybelse tyd was baie mense ongeletterd. Daarom was daar spesiale geleenthede waar hulle saamgekom het om van die leiers in die gemeente te leer. Daar is vir hulle gepreek en deur liedjies te sing, het hulle die evangelie geleer (Kol. 3:16). As jy die byeenkomste (kerk) gemis het, het jy natuurlik dom gebly. Dit was daarom belangrik om dit by te woon.*

*Vandag is dit anders. Ons mense luister godsdiens oor die radio, lees self die Bybel en gaan Bybelskole toe. Van die beste verkopers in boekwinkels is geestelike boeke. 'n Mens het beslis nie meer die leier van die gemeente nodig om vir jou te vertel wat in die Bybel staan nie. Daarom is dit dikwels uiters vervelig om na die dominee te luister wat jou maar net vertel wat jy weet – dat God jou liefhet of dat Jesus vir jou gesterf het. Jy hoef dit nie elke Sondag oor en oor te hoor nie.*

Ron Steele van die Rhemakerk reageer soos volg: *Mense kom kerk toe omdat hulle ervaar dat hulle daar hoop en krag kry om die toekoms aan te durf. Mense bly in die kerk omdat hulle daar oplossings kry vir baie lewenskwessies.*

*Vir baie van ons lidmate lê die belangrikheid van kerkgaan nie net in die bywoning van die erediens op Sondag nie. Ja, die erediens is belangrik, want dit is 'n wonderlike ervaring om saam met duisende ander Christene God te loof en te prys en om kinders na dienste spesiaal op hulle gemik te neem. Dit is die geestelike, fisieke en materiële steun waarop hulle deur die week kan reken, wat hulle motiveer om toegewyd 'n Christelike lewenstyl te handhaaf.*

Dirkie van der Spuy, ook van die NG Kerk noem: *As ons sorg dat elke erediens 'n belewenis is, en 'n ontmoeting met God bewerkstellig, sal mense graag kerk toe wil kom.*

Brümilda van Rensburg, 'n bekende aktrise, 'hou van kerk toe gaan': *Ek geniet dit om kerk toe te gaan. Ek raak stil vir 'n uur. Ek ervaar God se genade en ek sê dankie. Ek ontvang altyd 'n spesiale boodskap en dis vir my wonderlik om saam met ander Christene te kan bid.*

Jonty Rhodes, krieketheld wat gereeld oor sy christenskap getuig, 'wil kerk toe gaan, maar ...': *Ek is al die afgelope tien jaar in die bevoorregte posisie dat ek my land op die krieketveld verteenwoordig. Ek het die wêreld behoorlik gesien! Maar daar is ook nadele daaraan verbonde om 'n professionele sportman te wees. Die belangrikste nadeel is die lang tye wat ons weg van die huis af is. Dit het ook 'n invloed op my geloof, want ek kan nie lidmaat van 'n spesifieke kerk wees en elke Sondag kerk toe gaan nie. Ek het dus ook nie die voordeel van 'n Christen-familie wat my kan bystaan in geloofsgroei nie.*

*Om gereeld kerk toe te kan gaan, sou my eerste keuse wees! Ek geniet dit om met my spanmaats byeen te kom rondom die Woord, maar telkens as ek saam met familie en vriende in 'n ou bekende omgewing saamkom om te aanbid, besef ek dat ek 'n baie spesiale geleentheid om te groei en my geloof te verdiep, mis.*

So praat prominente mense. Wat wil die Here, ons Verbondsgod hê?

- Psalm 100:4 – Gaan sy poorte in met lof, sy voorhowe met lofgesang; loof Hom, prys sy Naam.
- Psalm 122:3 en 4 – Jerusalem wat gebou is soos 'n stad wat goed saamgevoeg is, waarheen die stamme optrek, die stamme van die HERE – 'n voorskrif vir Israel! – om die Naam van die HERE te loof.
- Hebreërs 10:25 – en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie...

Jan van der Watt maak oor laasgenoemde Skrifgegewe die volgende opmerking: *Die super-kerkbywoners sal vinnig vir jou sê dat daar in Hebreërs 10:25 staan dat 'n mens nie van die onderlinge byeenkomste (kerk) af moet wegbly nie. Jou plek is op 'n Sondag daar en nêrens anders nie. Nee, sal 'n ander sê, ek kan die Here net so goed by die huis dien. Kerk toe gaan maak nie van my 'n christen nie, net so min as wat 'n kruiwa 'n sportkar word as jy dit in die motorhuis trek.*

Slim praatjies van mense. Maar daarmee is ons nog nie gehoorsaam aan God nie. Die postmoderne mens verskuif die klem vanaf Gód wat gebied, na die méns wat besluit en voel en wil. Die HERE eis dat ons as kerk sal saamkom. Hy soek sy kinders voor sy heilige aangesig – elke Sondag: oggend en aand. Laat ons met eerbied en blydskap gehoor gee. Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar, en sy gebooie is nie swaar nie (1 Johannes 5:3).

---

# GEBED VAN CALVYN[1]

'n Gebed na aanleiding van 'n Skrifstudie oor *Jeremia 3:12-18* en dan veral vers *12b*:

**'Keer terug, o afkerige, Israel, spreek die HERE. Ek sal jou nie donker aankyk nie, want Ek is goedertieren, spreek die HERE.'**

Almagtige God, U wil vandag u goedheid daarin aan ons bewys, dat U ons spaar. Maar ons, van ons kant, gee U telkens weer aanleiding tot toorn. Gee dan aan ons, dat ons ons nie onder u tug verhard nie, maar dat u lankmoedigheid ons tot bekering lei. Gee aan ons, dat u strawwe ons tot heil word en dat ons daardeur tot bekering kom, sodat ons hele lewe 'n getuienis van opregte berou mag wees en ons mekaar oor en weer opwek om ons in gehoorsaamheid aan u Woord te verenig. Laat elkeen van ons daarna strewe om u Naam te verheerlik deur Jesus Christus, ons Here.

Amen.

[1] Vertaal in Afrikaans deur mev. R Botha vanuit die Nederlandse teks van die hand ds AG Barkey Wolf, uitgegee in 1940 deur DA Daamen, Den Haag.